# GEÏNTEGREERDE PROSESVLOEI VIR NAVORSINGSTOEKENNINGS/KONTRAKTE EN FINANSIES
# KOMMUNIKASIE AAN BELANGHEBBENDES


MAART 2025

Dit is vir ons aangenaam om aan te kondig dat ons nou die Universiteit Stellenbosch (US) se end-tot-end navorsingstoekennings/kontrak- en -finansieringsreis gekarteer het om jou te help om toekennings en kontrakte meer doeltreffend te bestuur.

Alhoewel die US prosesse in plek gehad het om die verskillende navorsings- en finansieringsprosesse te bestuur, het die skuif na Oracle Cloud Financials (OCF) vereis dat die span die prosesse hersien en 'n soort padkaart ontwikkel om al die finansiële aspekte in die navorsingstoekennings en -kontrakteproses te integreer.

Die US se Afdeling Finansies en die Afdeling Navorsingsontwikkeling het saam met Analyze Consulting 'n projek aangepak om 'n oorkoepelende, gedetailleerde, soos-dit-is (*as is*), geïntegreerde prosesvloei vir navorsingstoekennings/-kontrakte en -finansiering te ontwikkel wat personeel wat by navorsing in die Universiteit betrokke is, kan gebruik.

Die nuut-gekarteerde navorsingsreis (sien illustrasie hieronder) bied nou 'n duidelike padkaart aan nuwe en bestaande personeellede wat navorsingstoekennings en -kontrakte moet bestuur. Dit illustreer waar finansiële aspekte by die US se navorsingsprosesse inpas, wat vir die eindgebruiker beskikbaar is, hoe die proses werk en wat 'n mens volgende moet doen.




Die Navorsingsreis word ondersteun deur die volgende vier dokumente wat ons hieronder lys. Dit gee 'n duidelike beeld van die prosesse soos dit is. Hierdie dokumente is beskikbaar vir alle personeel betrokke by navorsingskontrakte en toekennings, naamlik:


1. Die Navorserreisdiagram, wat die navorser se reis vanaf die voortoekenningstadium van die toekenning tot die sluiting van die toekenning en finansiële verslae verduidelik;

2. Die Navorsingsproseskonteksdiagram, wat die prosesse in die navorsingstoekennings/kontrak- en -finansieringsproses karteer;

3. Die geïntegreerde proses vir navorsingstoekennings/kontrakte en -finansiering, kartering van die proses in meer detail, en

4. Die Navorsingsproseskatalogus.

Al hierdie dokumente is beskikbaar op die US se intranet onder Navorsingsinligting My.SUN Menu (sien hieronder):




Die kartering van end-tot-end navorsingstoekennings/kontrak- en -finansieringsreis is deel van 'n poging om uiteindelik die algehele navorsersreis te verbeter. Ons verwelkom jou terugvoering sodat ons kan voortgaan om hierdie prosesse te verbeter en te optimaliseer.